
Die Stem van die Martelare

April 2024



BURKINA FASO

# WAAR PASTORS GETEIKEN WORD


**16 DAE 'N WEDUWEE** | **GETUIG ONDER MILITANTE** | **VERPLIGTE ISLAMITIESE OPLEIDING VIR KINDERS**

"Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is." Heb 13:3





# Voortreflik, Voorbeeldig



Baie mense bewonder en dweep so met beroemdes dat dit aan aanbidding grens. Ons moet versigtig wees en skriftuurlike beginsels van nederigheid en diens in gedagte hou om teen sulke wêreldse idees en gedrag te waak.

Om ons gevalle kultuur op hierdie vlak te vermy en teen te staan, is dit egter nodig om 'n duidelike Christelik-skriftuurlike beginsel, wat nie net deur Christus se voorbeeld nie, maar ook deur die voorbeelde van ander Christene illustreer word. Hierdie tema kom besonder algemeen in Paulus se sendbriewe voor, en in Filippense 3:17 sien ons hoe hy so ver gaan as om opdrag te gee om sy persoonlike voorbeeld te volg. Ons mag dalk sê: **"Wag bietjie, is dit nie egoïsties nie? Is dit regtig ons doel om ander Gelowiges na te volg?**

Mensgesentreerde waardes en idees is in stryd met ons Christelike geloof. Christus moet die sentrale fokus van ons denke wees en geen ander persoon mag toegelaat word om Sy plek in ons harte en gedagtes in te neem nie. Hy is nie net vir ons 'n goeie voorbeeld nie – Hy is die enigste voorwerp van ons aanbidding. Hy is, soos Thomas sê: "My Here en my God!" Christus moet eerste in ag geneem word wanneer ons oor ander se voorbeelde praat en Paulus doen dit so mooi in Filippense 2:5-11. Maar die Skrif wys ook op die voorbeelde van ander Christene wat ons geloof inspireer. Dink aan Hebreërs 12:1 wat Gelowiges beskryf as "'n groot wolk van getuies", en "die oog gevestig op Christus" (v.2), en dit is gebiedend noodsaaklik om sonde te vermy en "ons wedloop met volharding te hardloop".

Die verhale in hierdie maand se nuusbrief wys op dapper geloofsdade. Maar selfs die moedigste en getrouste onder ons vervolgde Christen broers en susters sal nooit perfek wees nie. Ons bewonder *alles* omtrent Christus, maar ons moet versigtig en selektief ander bewonder. Ons volg mekaar se voorbeeld na op spesifieke wyses waarin elkeen daarvan Christus se goedheid en heerlikheid uitgebeeld word.

Hoe kan ons geïnspireer word deur Pastor Pierre se volharding en afhanklikheid van God terwyl hy die Evangelie aan diegene verkondig wat deur Islamiete uit hulle huise verdryf is? Hoe kan ons ons dierbare suster, Yasmine, se voorbeeld navolg, wat liefde in plaas van haat spreek terwyl sy oor haar man se dood, vanweë Islamitiese ekstremiste, nadink? Watter aansporing is David se voorbeeld vir ons wanneer ons lees van sy toewyding aan Christus, ten spyte daarvan dat hy deur diegene wat teen die Evangelie gekant is, van dorp tot dorp verdryf is?

Ons word verryk deur hierdie onvolmaakte dog voorbeeldige dissipels en dit sal goed wees om hulle voorbeeld na te volg omdat hulle Christus Jesus ons Here navolg. Ons gemeenskap met hulle is nie ten koste van Christus se eer nie, maar tot meer daarvan in ons lewens.

*Ashley*

***OP die voorblad:*** *Pastor David en sy vrou, Esther, moes verskeie kere weens doodsdreigemente deur Moslemekstremiste uit hulle huis vlug.*





## ‘n Ontwortelde Pastor

# BEREIK DIE ONTWORTELDES

Omring deur ‘n groep van sowat 80 mense, insluitende Moslems, gebruik Pastor Pierre Lassane ‘n gehawende blaaibord om die Evangelie te verduidelik. Almal in die groep het by hierdie voormalige laerskool, nou ‘n kamp vir interne ontwortelde mense (IDP), skuiling geneem nadat hulle van Islamitiese terroriste gevlug het wat gebiede van Burkina Faso in onlangse jare aangeval het. Die Moslems in die kamp het erg gely onder Islamiete, volgelinge van hulle eie godsdiens, wat hulle meer ontvanklik vir Pierre se hoopvolle boodskap gemaak het.

“Voor die terroriste gekom het, wou die Moslems nie na ons luister nie,” het Pierre gesê. “As hulle jou gesien het, wou hulle nie met jou praat nie.” Wanneer Pierre nou na die ontwortelde s gaan, kom hulle om te luister en plaas hulle geloof in Christus.”

### Sien die Waarheid

Naastenby 1.7 miljoen mense in Burkina Faso is gedwing om van Islamitiese groepe te vlug wat sedert 2016 vanaf die aangrensende lande Mali en Niger ingeval het. Die militante vermoor dikwels Moslems sowel as Christene.

Pierre was eenmaal self ‘n toegewyde



> **"Voor die terroriste gekom het, wou die Moslems nie na ons luister nie."**

Moslem. In 1985, toe hy 21 jaar oud was, het sy ouer broer siek geword en dokters kon hom nie help nie. Pierre en sy broer het uiteindelik 'n pastor besoek en nadat die pastor vir sy broer gebid het, is hy van sy siekte genees.

Die pastor het ook Bybelverhale gedeel wat Pierre geskok het. "Toe die pastor gepreek het en die verhaal van Jesus vertel het, was dit nie dieselfde verhaal wat ons in die Koran lees nie," het hy gesê. Die pastor se leringe het Pierre se oë vir die waarheid van die Evangelie geopen en hy het daardie dag sy geloof in Christus geplaas.

Toe hy begin om ander van sy Verlosser, Jesus Christus, te vertel, het meeste van sy familie en die hele dorp hom verwerp. Pierre se pa het hom en sy vrou uit hulle gesamentlike huis geskop en die egpaar gedwing om op grond te bly wat plaaslikes as vervloek deur bose geeste, beskou het.

"Hulle het gesê dat ons nie vir 'n week sou oorleef nie," het Pierre gesê. Toe hy en sy vrou kort daarna begin siek word het, het mense in die gemeenskap natuurlik geglo dat dit 'n aanval van die bose was.

Pierre het begin vas en bid en tot God uitgeroep om in te gryp. Slegs twee weke



later het hy 'n visioen gehad waarin 'n dodelike slang hom gejaag het totdat 'n helder lig dit laat verdwyn het. Toe, 'n kort tydjie nadat Pierre die visioen gehad het, het 'n boom, wat die gemeenskap geglo het deur bose geeste beset word, tydens 'n storm neergestort. Pierre het dit die volgende dag aan die brand gesteek en hy en sy vrou het spoedig volkome van hul siekte herstel. Omdat hulle nie gesterf het nie, het baie mense in die dorp begin luister toe hy die Evangelie verkondig het.

In die jare daarna het Pierre allerhande soort werk in verskeie ander dele van Burkina Faso sowel as in die naburige Kameroen gehad, maar hy het tot die bediening geroepe gevoel. In 2001 het hy 'n Bybelskool bygewoon en toe as 'n geordende predikant na sy tuisdorp teruggekeer. Sommige in sy dorpie was bereid om na die Evangelie te luister, maar sy pa, wat 'n mengsel van Islam en stam-spiritisme beoefen het, het dit steeds verwerp.

Sy vader het nooit tot geloof in Christus gekom nie, maar Pierre het in sy bedieningswerk volhard en uiteindelik vyf kerke in die omgewing rondom sy dorpie in Burkina Faso, geplant. Hy het vir jare getrou daardie kerke bedien, tot die dag van die terroriste aanval.

## Islamitiese Aanval

Hoewel Christene sowel as Moslems sonder onderskeid deur Islamiete in Burkina Faso aangeval is, was Christene sedert April 2019 'n primêre teiken van hulle veldtog. Militante het in Mei van daardie jaar 'n dorp, 20 kilometer van Pierre se huis af, aangeval en 'n plaaslike pastor en vier diakens gedood. Die militante teiken dikwels kerkleiers in Burkina Faso omdat hulle die stigting van 'n Islamitiese staat verhinder.

Twee dae na die aanval het ongeveer 40 gewapende mans omstreeks 9nm. op motorfietse in Pierre se dorp ingery en gesê dat hulle op soek was na die dorp se pastor. 'n Vriend het dadelik vir Pierre gebel en hom gewaarsku. "Hy het vir my gesê hulle wil my doodmaak," het Pierre gesê.

Pierre se vrou wat besig was om te kook, het alles net so gelos en saam met hom die woud ingevlug. Hulle het vanuit hulle skuilplek dopgehou hoe die gewapende mans die dorp deursoek na hulle. "Hulle het ons nie in ons huis gevind nie," het Pierre gesê. "Hulle het na ons bure gegaan en twee mans doodgemaak."

Pierre en sy vrou het uiteindelik hulle agt kinders opgespoor, van wie sommige besig was om na hulle diere in die veld om te sien. Die familie het toe te voet gevlug en 41 kilometer ver gestap om veiligheid te bereik.

Die Islamiete het dosyne dorpe in 2019 aangeval en ongeveer 60,000 mense in die streek gedwing om uit hulle huise te vlug en skuiling verder suid, naby Burkina Faso se hoofstad, Ouagadougou, te soek. Hele

> **"Hy het vir my gesê hulle wil my doodmaak."**

kerkgemeentes het te voet gevlug en al hulle oeste en vee, hulle hoofbron van inkomste, agtergelaat. "Ons kon nie kos en klere bring nie, absoluut niks," onthou Pierre en het bygevoeg dat hy en sy vrou vir maande daarna nie goed kon slaap nie.

## 'n Manier om Voort te Gaan

Plaaslike kerke was oorweldig deur die nood van hulle ontwortelde broers en susters in Christus. Hulle het vasgestel dat een van die beste maniere om die ontwortelde pastors en hulle gemeentes te help, was om hulle te leer hoe om klein, selfonderhoudende, besighede te begin wat nie 'n stuk grond benodig nie.

Met SVM se hulp het Burkinese kerkleiers 'n program saamgestel om meer as 140 ontwortelde pastors, insluitende Pierre, op te lei om pluimvee groot te maak. Die pastors het 'n drie-dag kursus bygewoon waar 'n Christenprofessor van 'n plaaslike landboukollege hulle geleer het hoe om kuikens groot te maak. Daarna het al die pastors 'n paar kuikens ontvang om hulle

▼ Islamiete het honderde dorpe in Burkina Faso in die laaste paar jaar aangeval en tienduisende mense gedwing om uit hulle huise te vlug.





▲ Pastor Pierre gebruik 'n gehawende blaaibord om die Evangelie aan Moslems wat in die kampe vir ontwortelde mense woon, te verkondig.

te help om 'n besigheid te begin.

Sommige van die pastors sê pluimveeboerdery het hulle aan die lewe gehou sedert hulle nie meer landerye gehad het om te bewerk nie en dit bied ook 'n inkomste om hulle bedieningswerk te ondersteun. Na maande wat hulle as vlugtelinge geleef het, het Pierre en sy familie uiteindelik 'n klein huisie, ongeveer 100 kilometer noord van Ouagadougou, gevind om te huur; hulle deel hulle huis met 20 ander ontwortelde mense Pierre gebruik van sy geld wat hy van die pluimveeboerdery verdien om brandstof te koop wat hom in staat stel om meer mense met die Evangelie te bereik. Hy gebruik 'n oudio-Bybel wat hy van SVM ontvang het om vir die vlugtelinge in sy stad te preek en hulle te onderrig. "Die mense het niks om te doen nie," het hy gesê, "daarom wil hulle na die Bybel luister. Baie gee hulle lewens vir Christus."

Selfs in die relatiewe veiligheid van sy nuwe plek, kom Pierre egter soms steeds Islamitiese militante teë. "Drie dae gelede het ons na 'n dorp gegaan om te evangeliseer," het hy gesê. "Toe ek terugkom, het die terroriste en weermag op mekaar geskiet. Ek het op die skietery ingery. Daar was 'n bakleiery en ek het nie geweet wat om te doen nie."

Terwyl hulle in die spervuur vasgevang was, het 'n militêre vliegtuig bomme op die opstandiges laat val, wat Pierre kans gegee het om te ontsnap. Hy sê noue ontkomings soos daardie sal hom nie weerhou van sy evangelisasiewerk nie; 'n rol wat hy glo God vir sy lewe bevestig het.

Voordat hy gedwing is om in Mei 2019 uit sy huis te vlug, het Pierre 'n droom oor Stefanus, die eerste martelaar, gehad. Hy het gesê die Here het in die droom vir hom gesê dat alhoewel hy struikelblokke sal teëkom, hy nie sal sterf nie. Hy het gesê die droom het met 'n opdrag geëindig: "Ek wil hê jy moet jou bediening voortsit."

So gaan Pierre voort, met sy gehawende blaaibord in die hand, vasberade om alles in sy vermoë te doen om ontwortelde mense in Burkina Faso te help om ewige hoop in Christus te vind. ■

**"Ek wil hê jy moet jou bediening voortsit."**



# SAAI EVANGELIESAAD

## in 'n Gevaarlike Land

**Redakteursnota: Yasmine Siadau het 16 dae na haar man se moord haar verhaal met ons gedeel.**

Yasmine het buite haar huis met 'n vriendin gesels toe hulle geweervuur af in die straat hoor. "Ek het hulle sien kom terwyl hulle skiet," herroep Yasmine." Ek het in die huis in gegaan om vir my man te sê om uit te kom, want die slegte mense is op pad."

Islamitiese ekstremiste het groot gebiede van Burkina Faso sedert 2016 vernietig. Twee merkwaardige militantegroepe in die streek is die *Islamic State in the Greater Sahara (ISGS)* en *Jama'at Nursrat al-Islam, of JNIM*, wat vertaal word as "Die Groep wat Islam en Moslems Ondersteun". Die groepe gebruik die uitgestrekte woestyne van aangrensende Mali en Niger as 'n veilige hawe vanwaar hulle sonder waarskuwing aanval en voordeel trek uit Burkina Faso se beperkte militêre vermoë. "Die terroriste is beter gewapen as die weermag," het 'n plaaslike pastor gesê.

Islamitiese groepe het beheer geneem oor ongeveer 40% van Burkina Faso, meer as 10,000 mense vermoor en sowat 1.7 miljoen mense, insluitend baie Moslems, gedwing om uit hulle huise te vlug en in kampe vir intern ontwortelde mense, skuiling te neem. Die militante het sedert 2019 spesifiek Christene in die land geteiken en dikwels hulle aanvalle op pastors en Christenleiers gefokus terwyl hulle poog om 'n Islamitiese kalifaat te skep. Een denominasie het berig dat 500 pastors in die afgelope paar jaar weens Islamitiese aktiwiteite gedwing is om te vlug.

Gewapende mans het Yasmine se dorp, geleë in noordelike Burkina Faso naby die grens met Mali, op 15 Mei, 2023, aangeval. Haar man, Pastor Laurent Siadau, het haar aangemoedig om saam met hom op hulle klein motorfiets te vertrek. Maar Yasmine wou nie haar vriendin agterlaat nie, dus het sy besluit om te voet saam met haar te vlug terwyl Laurent op sy motorfiets weggejaag het.

Die vroue het meer geweerskote agter hulle gehoor en in die woud ingevlug en uiteindelik in 'n ander dorp skuiling gevind. Regeringsmagte het

## “My hartsbegeerte is dat God sal voorsien dat Sy Gees hierdie mense sal ontmoet, soos toe Hy Saulus op die pad na Damaskus ontmoet het, en dat hulle harte sal verander.”

intussen in Yasmine se dorp opgedaag en die terroriste gekonfronteer. Gevegte tussen die Islamiete en die weermag het Yasmine vir meer as 24 uur verhoed om terug te keer huis toe en sy kon nie haar man op sy selfoon bereik nie.

Toe sy kon terugkeer huis toe, was Yasmine geskok toe sy Laurent se motorfiets buite die huis sien lê. Twee van haar volwasse seuns het vir haar gesê dat hy vir onbekende redes na die kerk langsaan gehardloop het, vermoedelik om weg te kruip, en toe deur Islamiete binne in die kerk in die kop geskiet is.

***

Laurent was nie baie lank in voltydse bediening nie. Hy het die meeste van sy lewe as ’n kok in die land se hoofstad, Ouagadougou, gewerk. Maar in 2018, na almal behalwe een van sy kinders volwasse was, het hy ’n Bybelskool begin bywoon. Twee jaar later het hy gevoel dat God hom roep om in noordelike Burkina Faso, waar Islamitiese ekstremiste alreeds aktief was en waar baie mense óf Moslems óf animiste was, te bedien.

Yasmine het gesê dat om mense in daardie streek te bereik, soortgelyk was aan werk op ’n plaas. “In die dorp is die Evangelie soos saad,” het sy gesê. Sy en Laurent het Evangeliesaad geplant en het hard gewerk om hulle te kweek. Yasmine het ook gesê dat ’n vrug van Laurent se gebedsbediening was om toe te sien dat sy bure verlos word van geestesonderdrukking. “Wanneer ek my daaraan herinner, is ek baie gelukkig,” het sy gesê.

Een van die egpaar se seuns, Marcel, onthou dat nie almal in die familie ten gunste was dat hulle na die gevaarlike streek van noordelike Burkina Faso verhuis het nie. Tannies, ooms en ander familielede het hom gewaarsku: “Moenie dat jou pa na daardie dorp gaan nie; hulle soek hom nie daar nie.”

Maar Marcel het gesê sy pa was verbind tot sy roeping om te werk om die Evangelie te bevorder. “Hy het altyd vir hulle gesê dat God hom na hierdie dorp geroep het...,” het Marcel gesê, “en hy moet gaan om te vervul waarvoor God hom geroep het.”

Ondanks die brutaliteit en onreg van Laurent se moord, het Yasmine gesê sy is nie kwaad vir sy moordenaars nie. My hartsbegeerte is dat God sal voorsien dat Sy Gees hierdie mense sal ontmoet, soos toe Hy Saulus op die pad na Damaskus ontmoet het, en dat hulle harte sal verander” het sy gesê.

Marcel bid ook dat diegene wat sy pa vermoor het berou sal toon en die Here sal leer ken “sodat hulle ook eendag hemel toe kan gaan.” Hy studeer tans by ’n Bybel-opleidingskool en is vasberade om in sy pa se voetspore te volg en die bediening te betree.

“Bid vir my om by die bediening betrokke te raak wanneer ek klaar is,” het Marcel gesê. “Bid ook vir my ooms en ander familielede wat Jesus nie ken nie, om Hom te ontmoet en te weet dat my pa nie verniet gesterf het nie. Hy het vir die geloof gesterf. Hy het vir die Evangelie gesterf.”

Yasmine het ook gebed versoek vir volharding in die geloof. “Bid vir my,” het sy gesê, “sodat God my kan vertroos en dat ek tot die einde opreg sal bly in my geloof. Ek sal my man daar sien. Dit is my wil en my wens.”


Terwyl sy nog in die vroeë stadiums van smart is, het Yasmine gesê dat sy die werk wat sy en Laurent saam gedoen het, naamlik om Evangeliesaad in noordelike Burkina Faso te saai, met warmte onthou. “Ek is baie dankbaar vir wat ons hier gedoen het,” het sy gesê, “want baie mense het hulle lewens vir Christus gegee.” ■



▶ Sedert haar man se moord, vind Yasmine in gebede saam met haar familie troos.

# ‘N GETUIE

## Onder Militante



Vir jare wou David niks meer hê as om 'n kleremaker te word nie. Maar kort nadat hy sy doel bereik het, het God vir hom 'n groter visie gegee.

Hy het groot geword as die seun van 'n pastor en het skielik gelei gevoel om by 'n Bybelskool in te skryf en die bediening in Burkina Faso, wat meer as 50% Moslem is, te betree. David het aanvanklik God se roeping weerstaan, maar hy het ook 'n sterk gevoel gehad dat sy lewe in die Here se hande was. "Ek het gesien dat God die einde van my lewe skryf," het hy gesê. "Hy moet met my lewe doen wat Hy wil."

Toe David sy pa van die roeping van God vertel, het sy pa vir hom gesê om na die Bybelskool te gaan en God te vertrou.

"Hy het nie geld of die middele vir my gehad nie," het David gesê, "en hy het vir my gesê: 'Gaan, God sal voorsien.' Ek het na die Bybelskool gegaan en ek het God gehoorsaam."

## Na die Woestyn Gestuur

Binne die eerste jaar van sy studies by die Bybelskool, het David 'n vrou, Esther, ontmoet met wie hy in 2017, in hulle finale jaar, getrou het. Terwyl hulle hul studies voltooi het, het Islamitiese geweld in Burkina Faso reeds die lewens van meer as 2,000 mense geëis en 1.7 miljoen ander ontwortel. Tog was die egpaar vasbeslote om ag te gee op God se roeping.

Nadat hy in Mei gegradueer het, was David van plan om na noordelike Burkina Faso, die gebied waar hy grootgeword het, terug te keer. Maar 'n bedieningsleier het David en Esther aangemoedig om na 'n dorp in 'n ander deel van die land te gaan.

'n Kort wyle later het bedieningsleiers David en Esther, met al hulle bagasie, na 'n dorp in die woestyn geneem. Na hulle vinnig rondgekyk het, het die egpaar hopeloos gevoel.

Daar was geen struktuur vir 'n kerk om byeenkomste te hou nie of selfs 'n plek vir hulle om te bly nie. Boonop was daar geen selfoonopvangs nie en hulle moes meer as nege kilometer stap om na die reën water te gaan haal. Hulle wou die Evangelie aan die nomadiese Fulani-mense wat in die gebied gewoon het verkondig, maar nie een enkele lid van die gemeenskap het hulle in hul nuwe tuiste verwelkom nie.

> **"Dit was 'n moeilike, swaar tyd, maar ons was bly, want die mense het hulle lewens vir Jesus Christus gegee."**

David en Esther wou aanvanklik weggaan. Hulle het geween oor hulle ellendige lewensomstandighede en oënskynlike hopelose bedieningsvooruitsigte. "Die mense wou nie van Christenskap hoor nie," het David gesê. "Maar ek is deur die Heilige Gees bemoedig en ek het die krag gehad om voort te gaan, ten spyte van die moeilikhede."

Mettertyd het die egpaar verhoudings met die dorpenaars opgebou en vir hulle gebid, alhoewel hulle 'n sinkretistiese mengsel van Islam en heksery beoefen het. Toe die dorpenaars sien dat die egpaar se gebede beantwoord word, insluitende dié vir genesing, was hulle ywerig om meer oor Jesus en die Bybel te leer. David en Esther se kerk het uiteindelik tot 20 mense gegroei.

"Ons was gelukkig," het David gesê. "Dit was 'n moeilike, swaar tyd, maar ons was bly, want die mense het hulle lewens vir Jesus Christus gegee."

## 'n Beplande Aanval

Die vreugde wat hulle ervaar het om te sien hoe Fulani Moslems tot geloof in Christus kom is deur toenemende Islamitiese aktiwiteite in die gemeenskap gedemp. Op een stadium het die egpaar gesien hoe militante bloot net mense buite die dorp skiet.

"Die ekstremiste was ons bure," het David gesê, "en hulle het soms na ons toe gekom om met ons te praat. Die terroriste het vir ons kom vra: 'Het julle van die weermag gehoor? Dink julle ons sal die oorlog wen of sal die weermag die oorlog wen?'"

Selfs terwyl David en Esther se kerk aanhou groei het, het Islamiete 'n pastor in 'n nabygeleë dorp ontvoer en hom na Mali geneem. Nadat Esther van die pastor se ontvoering gehoor het, wou sy weggaan. David was egter vasbeslote om te bly.

Eendag het een van die lidmate na die egpaar se huis gekom met skrikwekkende nuus. Die lidmaat het gehoor dat militante beplan om David, sy familie en die kerklidmate te ontvoer en hulle dan na 'n rivieroewer te neem en hulle dood te maak.

Nuus oor die beplande aanval het vinnig onder kerklidmate versprei wat natuurlik bang was. "Hulle wou nie kerk toe kom nie," het David gesê. "Een Sondag het ek die trom bespeel en my vrou het gesing. Ons was die enigste twee wat in die kerk aanbid het. Niemand was daar nie."

Terwyl Ester een nag gebid het, het sy diep bekommerd gevoel oor hulle situasie. Nadat sy haar bekommernisse met David bespreek het, het hulle vir vier dae na 'n veiliger plek gegaan en David het alleen na die dorp teruggekeer.

Spoedig het 'n vriend van David, wat naby die militante woon, vir hom 'n dringende waarskuwing kom gee. "Hy het vir my gesê om te vlug omdat hulle sou kom om my dood te maak," het David gesê. "Hulle wou my nie ontvoer nie, hulle wou my doodmaak."

David het sy besittings agtergelaat en na sy vrou toe gegaan. Omdat dit 'n groot risiko was om na die dorp terug te keer, was die egpaar uiteindelik opnuut aangewys om 'n kerk in 'n ander dorpie te



◀ Ondanks voortdurende teenstand, kom Burkinese Christene getrou bymekaar vir aanbidding en gemeenskap.

plant. Maar hulle was verstom deur wat op hulle gewag het.

"Dit was erger," het David gesê. "Die eerste dorp was beter as hierdie een."

## 'n Moeiliker Taak

David en Esther het in Maart 2018 in die nuwe dorp, oor begin. Weereens het hulle geen blyplek en min besittings gehad. "Ons het niks gehad nie," het David gesê, "maar iemand het vir ons 'n plek gegee om die kerk daar te begin."

Terwyl hulle gewerk het om verhoudings met dorpenaars te bou, het die egpaar spoedig teenstand trotseer. Toe 'n plaaslike imam van die egpaar se planne hoor om 'n kerk te begin, het hy vir Moslems by die moskee vertel dat Islam die enigste godsdiens is wat hulle moet volg. Sommige wat sy opdrag gehoor het, het vir die egpaar gesê dat die imam se woorde tot moeilikheid vir hulle kan lei. Een man het hulle oor die Islamitiese se dodelike taktiek gewaarsku.

"Hulle kom gewoonlik om mense na die moskee te nooi," het die man gesê. "As jy nie gaan nie, sal hulle kom om jou dood te maak."

Ondanks die waarskuwings, het David en Esther vir bykans twee jaar in die dorp aangebly. David het sy baard laat groei om met die Moslemmans saam te smelt en alhoewel hulle wel vir hulle eie veiligheid kon vlug, was hulle bemoedig om te sien hoe 26 mense hulle geloof in Christus plaas.

Nadat een vrou die Evangelie gehoor het en tot geloof in Christus gekom het, was haar Moslemman baie kwaad en het haar beveel om die kerk te verlaat. Alhoewel die man bekend was vir sy driftige humeur, terwyl hy dikwels gedreig het om mense dood te maak, het David besluit om hom te ontmoet. Toe die man die Evangelie gehoor en verstaan het, het sy hart versag teenoor die Christelike geloof. Hy het vir David gesê dat hy vir 'n wyle lank 'n toordokter besoek het en dat hy glo dat dit die rede was dat hy mense haat. Hy het spoedig die beoefening daarvan gestaak en besluit om alles wat hy gehad het wat met heksery verband hou, te verbrand.

Terwyl dorpenaars aanhou reageer het op die Evangelie, het die militante hulself meer sigbaar begin gemaak. David en Esther het eenkeer 'n groep van 40 van hulle gesien wat gewere en vlae swaai. Die militante het uiteindelik hulle druk op die egpaar verhoog.

"Hulle het vir ons gesê hulle wil nie hê ons moet kerkbyeenkomste hou ... of ons hoor sing nie," onthou David. "Voorheen het ons oor die weg gekom, maar toe ons besluit om 'n kerk te bou, het hulle vir ons gesê ons kan dit nie doen nie. Hulle wou nie hê ons moes geloof in Jesus hê nie."

Die Islamiete het gedreig om David te ontvoer indien hy en Esther nie gehoor gee nie, maar Esther kon haarself nie sover kry om vir David te sê sy wil weggaan nie. In plaas daarvan het sy vir hom gevra of sy na 'n ander dorp kan reis om haar ouers wat sy jare laas gesien het, te besoek.

Esther was nie die enigste een wat bekommerd was oor hulle veiligheid nie. Toe bedieningsleiers meer besondere oor die situasie in David se dorp gekry het, het hulle aangedring dat hy dadelik moet vlug.

Maar David was huiwerig. "Ek wou nie vlug nie, want ek het vir mense gesê dat God my na hierdie dorp gestuur het en toegelaat het om hierheen te kom," het hy gesê. "Ek het gebid en vir God gevra: 'Wat moet ek doen?' Hy het my nie geantwoord nie, maar daardie nag het ek 'n droom gehad waarin iemand vir my gesê het: 'Jy moet vlug, want jou bediening eindig hier.'"

David het gereed gemaak om die dorp te verlaat, maar hy het vir nog drie maande daar bedien en vir die regte oomblik gewag.

Toe eendag, naby die einde van 2019, het die militante iemand na David se huis gestuur om hom na die moskee te begelei. Hy onthou die waarskuwing wat hy ontvang het oor die Islamiete se taktieke en hy het die man vir 'n rukkie op sy motorfiets gevolg voordat hy omgedraai het en terug huis toe gegaan het.

"Ek het gesien dat ek nou in gevaar was en dat ek moes vlug," het hy gesê.

## Die Werk Gaan Voort

Nadat die egpaar die tweede dorpie verlaat het, het hulle in Mei 2021 na Ouagadougou, Burkina Faso se hoofstad, verhuis. Toe David vir bedieningsleiers vertel dat hy sy werk in die streek wil voortsit, het hulle 'n paar plekke voorgestel, maar David het nie vrede oor enige van hulle gehad nie. In plaas daarvan het hy besluit om naby Ouagadougou, nog 'n meerderheid Moslemgebied, te bly.

"Ons het gebid," het Esther gesê, "en vir God gesê ons wil die bediening voortsit."

Die egpaar het baie gesukkel om 'n kerk in die gebied waar hulle nou woon, te laat groei; na twee jaar het slegs agt mense dienste bygewoon. Vyf van die Gelowiges by hulle kerk het Islam verlaat om Christus te volg en die meeste het tot geloof in Christus gekom nadat David en Esther vir hulle gebid het en hulle van 'n geestelike of fisiese siekte genees is. "Dit is danksy ons soewereine God," het David gesê.

David het in 2022 opleiding ontvang in hoe om sy gesin deur pluimveeboerdery te onderhou. "Sonder die ... program, sou ons moes vlug en nie hier kon woon nie," het hy gesê.

Islamiete gaan voort om dorpe regoor Burkina Faso aan te val en onskuldige mense dood te maak, en Christene bly gereelde teikens. David bly in kontak met baie van sy voormalige kerklidmate, sommige van wie sê dat die militante gedreig het om hulle dood te maak as hulle nie na Islam terugkeer nie.

As hy besin oor die uitdagings wat sy kudde deur die jare moes trotseer, herbevestig David sy eie sterk oortuigings sowel as sy vertroue in die geloof deur diegene wat hy en Esther na Christus gelei het.

"Sommige van hulle wou nie met my praat nie," het hy gesê. "Sommige van hulle het weggegaan en wou nie weer Christene wees nie. Ek weet sommige van hulle sal wel bly. Watter moeilikhede ook al mag kom, hulle sal Jesus Christus nie versaak nie. Ook, al wil hulle my doodmaak, sal ek sê: 'Ja, ek ken Jesus.'" ■



The Voice of the Martyrs
Die Stem van die Martelare

# Ondersteun Vervolgde Christene in Afrika

**Terwyl ons Afrika Christenbroers en -susters vervolging trotseer, kan u saam met hulle staan in gebed en skenkings.**





## Jou skenking sal

- broodnodige mediese en ander materiële hulp na gewelddadige aanvalle voorsien
- Bybels wat deur Islamitiese ekstremiste vernietig is, vervang
- Frontlinie-Werkers met bedieningshulpmiddele toerus wat hulle sal help om Moslems vir Christus te bereik

» Staan asseblief saam met ons Christenbroers en -susters in Afrika wat weens hulle geloof in Jesus Christus vervolg word.
Maak nou 'n skenking by www.persecutionsa.org/donate

# Gebedsdagboek April/Mei 2024

| | | | |
|---|---|---|---|
| | **APRIL 2024** | | |
| **S** | **21** | **BHOETAN** | **Bid dat God se Woord regoor Bhoetan sal versprei terwyl die regering poog om wydverspreide Bybelverspreiding te beperk.** |
| M | 22 | TADJIKISTAN | Bid dat Christene wat deur geheime polisie vir ondervraging ontbied word, die Heilige Gees se leiding sal ervaar. |
| D | 23 | COLOMBIË | Bid vir Christene wat die Evangelie in landelike gebiede verkondig waar paramilitêre groepe meer aktief en gewelddadig geword het. |
| W | 24 | NIGER | Bid dat die klein aantal Christene die liefde van Christus getrou aan hulle Moslembure sal verkondig. |
| D | 25 | INDONESIË | Bid dat Moslems in Aceh-provinsie die wreedheid van Islamitiese wet sal sien en vryheid in Christus sal soek (Romeine 7:6). |
| V | 26 | ERITREA | Die regering monitor elke Bybel wat verkoop word. Bid dat God se Woord die land sal binnestroom ondanks hierdie beperkings. |
| **S** | **27** | **JEMEN** | **Bid dat kerke voortdurend sal aanbid en die Evangelie sal verkondig nadat hulle aangeval is.** |
| **S** | **28** | **KUBA** | **Pastors in Kuba versoek gebed sodat hulle sal voortgaan om vas te staan in hulle geloof.** |
| M | 29 | PAKISTAN | Bid vir die beskerming van jong Christenvroue teen gedwonge huwelike, 'n algemene taktiek van Islamitiese ekstremiste. |
| D | 30 | UGANDA | Bid vir die effektiewe opleiding van leiers om die Evangelie aan Moslems te verkondig en diegene te help wat vervolg word. |
| | **MEI 2024** | | |
| W | 1 | SUIDELIKE MEXICO | Loof God vir die beroepsopleiding wat baie deur die "toevlugsoorde" bedieninge ontvang. |
| D | 2 | NOORD-KOREA | Bid vir innoverende maniere om God se Woord in Noord-Korea in te neem. |
| V | 3 | INDIË | Bid vir pastors, kerkplanters en evangeliste wat kriminele aanklagtes onder anti-bekeringswette trotseer. |
| **S** | **4** | **TURKYE** | **Bid vir die krag en moed van 'n tienerseun wat geslaan is omdat hy 'n kruishangertjie gedra het.** |
| **S** | **5** | **NIGERIË** | **Bid vir Tina wie se man deur Islamiete geskiet is terwyl hy op sy groenteplaas gewerk het.** |
| M | 6 | BROENEI | Bid dat kerke vreesloos sal wees om Moslems vir Christus te bereik, ten spyte van hulle bewaking deur godsdienspolisie. |
| D | 7 | LIBIË | Bid dat die klein aantal Libiese Christene gemeenskap met ander Gelowiges sal vind. |
| W | 8 | FILIPPYNE | Christene op Mindanao leef onder gedurige bedreiging van aanvalle. Bid vir hulle vrede en vreugde. |
| D | 9 | NEPAL | Bid vir 16-jarige Khushi en haar drie susters wie se pa hulle weens hulle Christelike geloof mishandel het. |
| V | 10 | MAROKKO | Bid vir Frontlinie-Werkers wat digitale Bybels deur kreatiewe metodes versprei. |
| **S** | **11** | **ISRAEL**** | **Bid vir diegene wat die risiko neem om 'n Bybel te besit in Islamitiese beheerde gebiede.** |
| **S** | **12** | **LIBANON** | **Bid dat Pastor Bassam se kerk, wat vlugtelinge help, toegelaat sal word om sonder regeringsinmenging te funksioneer.** |
| M | 13 | IRAN | Bid vir gevange Christene in Iran wat aan verskeie kwale ly. |
| D | 14 | AFGANISTAN | Bid vir nuwe leiers om jong Christene in die in dissipelskap op te lei. |
| W | 15 | CHINA | Bid dat indringende tegnologie soos gesigsherkenningsagteware nie die verspreiding van die Evangelie sal belemmer nie. |
| D | 16 | SAR* | Bybels word dikwels deur Islamitiese rebelle vernietig. Bid vir pogings op 'n Bybel aan elke Gelowige te voorsien. |
| V | 17 | MOSAMBIEK | Oudio-Bybels is in groot aanvraag. Bid dat hulle die hande van diegene sal bereik wat honger is vir God se Woord. |
| **S** | **18** | **BANGLADESJ** | **Bid dat huiskerke in Dhaka, die mees digbevolkte stad in die wêreld, lig en hoop sal bring.** |

* SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK

** ISRAEL (INSLUITEND WESOEWER & GAZA)

**VIR DONASIES OF BYDRAES - Christelike Sending Internasionaal Bankbesonderhede:**

**Nedbank**
Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)
Takkode: 192505 (Bedfordview)

**Standard Bank**
Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)
Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

**ABSA Bank**
Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)
Takkode: 632005 (Bedford Centre)

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Kantoor Sel: **076-022-3336** (8vm-5nm)
E-pos: **cmi@vomsa.org of bianca@vomsa.org** | Webtuiste: **www.persecutionsa.org** | Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

**Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir;
Pastor J. Tucker; Mnr D. Kirton; Mnr C. Hutchinson**

**© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.**